Vraelys van `n student aan die Universiteit van Pretoria 2002

Die vraelys is in vier afdelings verdeel en handel oor:

1. Die kunstenaarswese
2. Die besigheidsplan
3. Showtime
4. Persoonlike opinies

1. Die kunstenaarswese:

- Wat is u definisie en begrip rondom sukses?
  [Laurika] Werksbevrediging; maak jy 'n positiewe bydrae tot mense se lewens? Finansiëel selfstandig? Kan jy vir ander werk skep?
- Hoe bepaal mens wie jou mark is? [Laurika] Jy kom dit baie gou agter deur die reaksie op jou werk. Jy kan egter nie vir 'n mark sing nie. Jy moet jouself en jou stem in jou eie kop en een persoon wat luister as vertrekpunt bly neem, anders raak jy die spoor byster.
- Hoe bly mens getrou aan wie jy as kunstenaar is? [Laurika] Ek weet nie of dit so belangrik is om so getrou te bly nie. 'n Mens moet ontwikkel en as jy te getrou bly, raak jy verstok.

2. Die besigheidsplan:

- Is daar `n besigheidplan? [Laurika] By my werk ek op die prinsiep van die priesters van ouds (as hulle die vurk in die pot gesteek het, was die vleis wat so daaraan vasgesit het, vir hulle bedoel) – niks meer niks minder nie, maar ek dink ander mense het 'n besigheidsplan.
- Hoe voel u oor opleiding in die bedryf? [Laurika] Ek dink die eerste jare na skool moet goed benut word vir basiese na-skoolse opleiding. Daarna leer 'n mens soos wat jy werk en saam met wie jy werk.
- Watter geleenthede gryp mens aan en watter nie? [Laurika] Jy werk op jou "gut". Jy moet fyn ingestel wees op mense en op jouself en op 'n Hoër Hand as jy in so iets glo, want jy "weet" instinktief wat die regte besluit is as jy dit neem. Wanneer jy dalk 'n verkeerde besluit neem, moet jy dit aanvaar, jouself nie te veel kasty nie en dit sien as iets wat jy later sal verstaan en in die korrekte konteks sal sien
- Bestaan daar `n plan B? [Laurika] Wat bedoel jy ? Soos 'n ander werk? Altyd. Maar jy doen dit nooit vir te lank nie en dan is jy terug.

3 . Showtime:

Waaruit put u inspirasie? Hoe skep jy met wat jy het?
[Laurika] Jy luister, jy dink, jy lê wakker, jy word wakker in die middel van die nag en jy handel op jou ingewings. Jy moet onmiddellik handel, anders verlaat die gedagte en gevoel jou en dan is dit verby en jy sit nog steeds vas waar jy laas opgehou het.

4. Persoonlike opinie

- Hoe hanteer u positiewe en negatiewe kritiek? Hoe hanteer mens kritiek? [Laurika] Moeilik. Dit bly altyd moeilik want ons is natuurilke wesens wat graag wil hoor hoe oulik ons is. Na die eerste skok dat iemand nie gedink het jy is so oulik nie, oorweeg 'n mens die kritiek, assimileer dit as jy dink jy moet, en gaan aan.